

# WAAR PAS FINANSIËLE BESTUUR IN 'N BOERDERY?

DEUR

**Dr PHILIP THEUNISSEN  
COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

## WAAR PAS FINANSIËLE BESTUUR IN 'N BOERDERY?

Die boer kan so goed boer soos hy wil maar wat op die lang duur gaan saak maak, is sy finansiële posisie. Alle aksies op die plaas, hetsy produksie of bemarking of personeeladministrasie, akkumileer in die finale instansie na 'n balans- en inkomstestaat toe. Gevolglik is finansiële bestuur 'n sluimerende aspek van 'n boerdery wat altyd op alle plekke op die plaas teenwoordig is.

Finansiële bestuur is 'n onderafdeling van die algemene bestuur wat die boer op die plaas moet toepas. Daarmee saam moet die boer ook sy produksieproses, personeel, administrasie, aankope en verkope bestuur. Al die ekonomiese aktiwiteite op die plaas moet dus bestuur word, waarvan die finansiële aspekte een funksie is.

Die oorkoepelende taak van die boer as finansiële bestuurder is om te besluit oor die aanwending van bates, die verkryging van finansiering en die maksimering van inkomste. Die uitvoer van hierdie bestuursfunksie behels sekere strategieë wat met behulp van sekere besluitnemings-instrumente uitgevoer word.

Die bestuursfunksie klink baie tegnies. Dit kan egter tot vier basiese bestuurstake vereenvoudig word, naamlik beplanning, organisering, aktivering en beheer. Elke bestuurbare aktiwiteit op die plaas bevat hierdie take in een of ander vorm. Gevolglik sal die boer met elke finansiële bestuursbesluit deur hierdie proses moet gaan.

### BEPLANNING

Enige boerdery is op prestasie en resultate gerig. Die boer wil een of ander doelwit met sy boerdery bereik. Daarom begin alle vorme van beplanning met die stel van 'n langtermyn doelstelling wat opgebreek is in korter termyn doelwitte.

Kom ons bring hierdie begrippe na die plaas toe. Die boer het as doelstelling om sy melkery winsgewend te bedryf. Hy wil geld maak uit sy boerdery. Dit is sy doelstelling. Nou vra hy homself af hoeŉ gaan hy sy doelstelling bereik. Gevolglik moet hy 'n paar doelwitte neerlê. Hy gaan beter genetiese materiaal inbring. Hy gaan beter voeding gee en hy gaan die diere gesond hou om sodoende hoër produksie, met die gepaargaande hoër wins, per koei te kry.

Na die doelstellings en doelwitte geformuleer is begin die tweede fase van beplanning. Die boer moet nou die doelwitte in 'n realistiese en uitvoerbare plan kan uiteen sit. Hy moet nou skedules, prosedures en metodes vaslê om die doelwitte te laat realiseer. Hy moet dus meer spesifiek wees oor hoe en wanneer hy die genetiese materiaal gaan verbeter (KI of nuwe bulle), hoe en wanneer hy die

voeding gaan verbeter (rantsoensamestellings en volumes), hoe en wanneer hy die diere gesond wil hou (dip en doseerprogram). Dit sal hom op 'n punt bring waar hy op 'n bepaalde tyd 'n spesifieke aktiwiteit deur spesifieke mense moet laat gebeur.

## ORGANISERING

Die boer moet sy plan nou ten uitvoer bring. Daarvoor gebruik hy die arbeiders op die plaas. Hy moet die mense nou groepeer en sekere aktiwiteite aan hulle toeken. As hy, in bogenoemde voorbeeld, besluit het om te KI, moet hy een van sy arbeiders op 'n KI-kursus stuur. Hy moet dalk 'n voermenger koop en nog 'n arbeider aanwys, en oplei, om die rantsoen saam te stel. Hy moet die veearts laat kom om nog 'n arbeider te leer om siektes te kan behandel. Die boer moet dus bepaalde mense in 'n sekere patroon organiseer en oplei sodat die plan ten uitvoer gebring kan word.

## AKTIVERING

Die arbeiders sal nie noodwendig die boer se entoesiasme oor 'n nuwe projek of uitbreiding aan 'n bestaande projek deel nie. Dit is nie vanselfsprekend dat die genomineerde arbeider wel die KI kursus sal doen nie. Gevolglik moet hy, en al die ander arbeiders, so gelei word dat hulle aan die projek sal meewerk.

Die aktivering van die georganiseerde arbeiders is 'n komplekse bestuurstaak. Nie alle boere is goeie aktiveerders nie. Arbeiders wil verskillend gemotiveer word en elke individu reageer anders in bepaalde omstandighede. Tog moet die boer, as bestuurder, vir elke arbeider die geleentheid skep om sy eie doelstellings binne dié van die boerdery te kan uitleef sodat die gesamentlike poging die doelstellings van die boerdery as geheel kan bevorder.

## BEHEER

Papier is geduldig. Gevolglik is die kans baie skraal dat 'n projek in die praktyk presies so sal realiseer soos wat dit aanvanklik op papier uitgewerk is. Die finale bestuurstaak behels dus die kontrolering en evaluering van die plan. Indien dit afwyk van die aanvanklike beplanning moet daar weer beplan word, weer georganiseer word, weer geaktiveer word en weer beheer word.

As die KI of die rantsoene of die medikasie nie die regte uitwerking het nie, moet die boer die oorsake daarvan bepaal. Dit sal beteken dat sy beplanning aangepas kan word. Hy kan die plan dan weer implementeer en weer kontroleer.

Bestuur is 'n dinamiese en veelvuldige proses. Die boer moet gelyktydig verskeie besluite kan neem en kan uitvoer. Die een projek se beplanning moet nog gedoen word terwyl die ander se beheer al gedoen moet word. Sodoende sal die boer homself altyd midde-in die bestuursproses bevind.

Dit mag vir die boer klink of hy sy bestuur nie volgens die teksboek doen nie. Dit is nie noodwendig waar nie. Indien die boer mooi sit en dink gaan hy agterkom dat die vier basiese take wel in sy bestuurstyl voorkom. Dit is bloot net nie altyd so maklik waarneembaar nie.

Dit mag dalk ook voorkom asof algemene bestuur niks met finansiële bestuur te make het nie. Dit is beslis nie die geval nie. Dieselfde basiese take is ook in finansiële bestuur aanwesig. Daarby het die boer sekere instrumente; finansiële state, verhoudingsgetalle, gelyk-breekanalise, kontantvloeibegroting en vertakkings-ontledings, wat hy in die bestuursproses kan gebruik om sy finansiële doelstellings en doelwitte te bereik.

---

**BETHLEHEM**  
**Augustus 2008**